YSTERBERG VEE STUDIEGROEP

[redacted]

082 815 1639

ysterbergstudiegroep@gmail.com

Pietersburg Veilingskrale / Showgrounds

# GRONDWET

1. **NAAM**

   Studie groep sal bekend staan as Ysterberg Vee Studiegroep. Die Ysterberg Vee Studiegroep sal bedryf word as ‘n nie-winsgewende organisasie.

2. **DOELWIT**

   Platform te skep waar lede van mekaar leer en almal bevoordeel word daardeur. Uitmuntende vee te teel en aan die mark beskikbaar te stel. Deur ‘n voorbeeld te stel aan alle veeboere in die omgewing en daardeur hulle positief te beïnvloed. Die belange en reëls van die Ysterberg Vee Studiegroep met integriteit na te kom.

3. **VISIE EN MISSIE**

   Om kwaliteit vee produksie te bevorder deur wetenskaplike praktiese navorsing te doen. Deur die kennis van die lede die beste oplossings te vind vir vee bestuur probleme in die omgewing. Verbetering van bio-sekuritiet op plase. Bevordering van praktiese en effektiewe metodes vir optimale produksie. Kennis op te bou van effektiewe inentings, aanvullings asook optimale boerdery praktyke.

4. **LIDMAATSKAP**

   **4.1. GEWONE LEDE**

   Persone wat direk of indirek met die teelt van diere gemoeid is, kan vir Gewone Lidmaatskap van die studiegroep in aanmerking kom. Vir die doeleindes van hierdie subklousule word 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap, beslote korporasie, trust of regspersoon beskou as 'n persoon en kan as sodanig vir Gewone Lidmaatskap van die studiegroep in aanmerking kom. Die hooflid het alleenlik stemreg en die reg mag slegs skriftelik oorgedra word aan 1 ander gewone addisionele lid van dieselfde maatskappy, private maatskappy, vennootskap, beslote korporasie, trust indien hooflid nie beskikbaar is nie.

   **4.2. JUNIOR LEDE**

Vertroulik

[redacted]
082 815 1639
ysterbergstudiegroep@gmail.com
Pietersburg Veilingskrale / Showgrounds

Enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar wat direk of indirek by die teelt van diere betrokke is, mag 'n Junior Lid word. Sodanige Junior Lid sal geen stemreg by vergaderings hê nie en nie tot die bestuur verkiesbaar wees nie. 'n Junior Lid mag aan die ander aktiwiteite van die studiegroep deelneem.

**4.3. SPESIALE LEDE**

Lid sonder vee wat gemoeid is met vee teling. Sodanige Spesiale Lede sal stemreg by vergaderings hê en is verkiesbaar tot die bestuur.

**4.4. AANLYN LEDE**

Lid wat nie vergaderings kan bywoon nie maar kry inligting deur wyse van epos of whatsapp. Sodanige lid sal geen stemreg by vergaderings hê en is nie verkiesbaar tot die bestuur nie.

**5. AANSOEK OM LIDMAATSKAP**

Aansoek om Lidmaatskap van die studiegroep moet op die voorgeskrewe vorm aan die studiegroep gerig word. Die aansoek moet ook vergesel word met die betrokke subskripsie- en/of intreegeld soos van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering bepaal word.

**6. REGISTER VAN LEDE**

Die studiegroep moet 'n register van alle lede op datum hou. Lede moet die studiegroep skriftelik van veranderinge verwittig.

**7. LEDEGELD**

Die jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar op 1 Maart van elke jaar en sal as agterstallig beskou word as dit op 30 April van dieselfde jaar nog nie betaal is nie.

**7.1. ENIGE LID WIE –**

(a) se ledegeld agterstallig is; of

(b) wat ander gelde aan die studiegroep skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge vir meer as 30 dae nadat 'n eis om betaling daarvan deur die sekretaris/esse aan hom gerig is, sal daarna geen regte en voorregte van lidmaatskap geniet voordat sodanige skulde aangesuiwer is nie.

Vertroulik

(c) Indien 'n lid bedank sal alle vooruit betaalde gelde verbeur word.

8. **BESTUUR**

**8.1. SAMESTELLING VAN BESTUUR**

Die belange van die Studiegroep sal beheer en bestuur word deur 'n bestuur wat jaarliks op die Algemene Jaarvergadering verkies word en as volg saamgestel is –
Voorsitter
Sekretaris/esse
En/of Penningmeester.

**8.2. VERKIESING VAN VOORSITTER**

Die voorsitter word verkies by die algemene jaarvergadering en hy/sy sal dan staan as die voorsitter vir 1 jaar. Die voorsitter het die keuse om weer te staan vir nog 'n jaar, indien die lede so versoek. Die voorsitter mag slegs verkies word vir 'n maksimum van 2 jaar aaneenlopend. Die onder-voorsitter sal dan staan as die nuwe voorsitter na die voorsitter se tydperke soos hierbo uiteengesit verstryk het.

9. **VERGADERINGS**

**9.1. ALGEMENE JAARVERGADERING**

'n Algemene Jaarvergadering moet een keer per jaar gehou word nie later as drie maande na die einde van die finansiële jaar nie. Die tyd en plek moet deur die bestuur bepaal word. Kennis van die tyd en plek vir die Algemene Jaarvergadering moet alle lede bereik 30 dae voor die vergadering. Lede het dan 7 dae om voorstelle of besprekingspunte aan die bestuur deur te gee vir die Algemene Jaarvergadering. Die agenda en bevestiging van die tyd en die plek van die Algemene Jaarvergadering moet aan die lede deur gegee word 7 dae voor die Algemene Jaarvergadering. Slegs punte op die agenda sal bespreek word op die Algemene Jaarvergadering. Die voorsitter moet verslag doen oor die jaar se bedrywighede. Finansiële verslag van die afgelope boekjaar moet voorgelê word. Die begroting vir die volgende boekjaar moet goed gekeur word.

**9.2. ALGEMENE VERGADERING**

Algemene vergaderings word gehou soos deur die bestuur of studiegroep besluit.

Vertroulik

[redacted]

082 815 1639
ysterbergstudiegroep@gmail.com
Pietersburg Veilingskrale / Showgrounds

**10. NOTULE VAN VERGADERING**

Notule van vergaderings moet deur die sekretaris/esse gedoen word en binne 7 dae aan die lede deur gegee word.

**11. NEEM VAN BESLUITE**

Alle sake wat voor enige vergadering gelê word moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die stemgeregtig lede wat by die vergadering teenwoordig. In die geval van 'n staking van stemme sal die persoon wat by daardie vergadering die voorsitterstoel inneem 'n beslissende stem naas sy gewone stem hê.

**12. METODE VAN VERKIESING EN STEMMING**

Verkiesing en stemming sal by alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per briefie verlang in welke geval stemming per geslote stembriefie sal geskied. Sodanige stembrief sal geen nommer en/of handtekening bevat om die identiteit van die kieser te openbaar nie. Indien 'n lid van die bestuur te sterwe kom, bedank of ophou om lid van die studiegroep te wees, sal die pos by die volgende vergadering gevul word deur stemming soos hierbo hervat.

**13. KWORUM**

10% van die stemgeregtigde lede van die studie groep moet teenwoordig wees by ‘n vergadering om ‘n kworum te vorm. Hierdie lede kan persoonlik of virtueel teenwoordig wees.

**14. FINANSIËLE BEPALINGS**

Behoorlike finansiële bestuur moet toegepas word soos deur die bestuur besluit en aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê en goedgekeur is.

**15.ONTBINDING VAN STUDIEGROEP**

Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die Studiegroep, en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige bates oorbly, sal sodanige bates nie onder die lede van die Studiegroep verdeel word of aan hulle uitbetaal word nie maar oorgedra word aan PDLU.

Vertroulik

### 16. OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET

Aangesien hierdie Grondwet en die bygaande Verordeninge in Afrikaans opgestel, ingedien en oorweeg is, word die Afrikaanse weergawe as outentiek beskou.

**Goedkeuring deur Ysterberg Vee studiegroep:**

**Goedgekeur en geteken te ____________________ op __________________ 20___**

**_____________________** **_______________________**

**Voorsitter** **Sekretaris/resse**

Vertroulik

YSTERBERG VEE STUDIEGROEP

[redacted]

082 815 1639

ysterbergstudiegroep@gmail.com

Pietersburg Veilingskrale / Showgrounds

## GRONDWET BYLAAG 1 – LEDEGELD/LIDMAATSKAP

**AJV NOTULE YSTERBERG VEE STUDIEGROEP 07032024 IS DIE VOLGENDE GOEDGEKEUR:**

**PUNT 8**

LEDEGELD IS AS VOLG:

a) Intree fooi – R400 eenmalig **GOEDGEKEUR**

b) Gewone lede – R400p.j. vir hooflid **/** Addisionele lede – R200p.j. **GOEDGEKEUR**

c) Junior lede – Gratis **GOEDGEKEUR**

d) Spesiale lede – R400p.j. **GOEDGEKEUR**

e) Aanlyn lede – R500p.j. **GOEDGEKEUR**

**PUNT 9**

LIDMAATSKAP

a) GEWONE LEDE

Persone wat direk of indirek met die teelt van diere gemoeid is, kan vir Gewone Lidmaatskap van die studiegroep in aanmerking kom. **GOEDGEKEUR**

Vir die doeleindes van hierdie subklousule word 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap, beslote korporasie, trust of regspersoon beskou as 'n persoon en kan as sodanig vir Gewone Lidmaatskap van die studiegroep in aanmerking kom. **GOEDGEKEUR**

Hooflid van 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap, beslote korporasie, trust het alleenlik stemreg. Stemreg kan skriftelik oorgedra word aan 1 ander lid van dieselfde maatskappy, private maatskappy, vennootskap, beslote korporasie, trust indien hooflid nie beskikbaar is nie.

b) JUNIOR LEDE

Enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar wat direk of indirek by die teelt van diere betrokke is, mag 'n Junior Lid word. Sodanige Junior Lid sal geen stemreg by vergaderings hê nie en nie tot die bestuur verkiesbaar wees nie. 'n Junior Lid mag aan die ander aktiwiteite van die studiegroep deelneem. **GOEDGEKEUR**

c) SPESIALE LEDE

Vertroulik

[redacted]
082 815 1639
ysterbergstudiegroep@gmail.com
Pietersburg Veilingskrale / Showgrounds

Lid sonder vee wat gemoeid is met vee teling. Sodanige Spesiale Lede sal stemreg by vergaderings hê en is verkiesbaar tot die bestuur. **GOEDGEKEUR**

d) AANLYN LEDE
Lid wat nie vergaderings kan bywoon nie maar kry inligting deur wyse van epos of whatsapp. Sodanige lid sal geen stemreg by vergaderings hê en is nie verkiesbaar tot die bestuur nie. **GOEDGEKEUR**

**GRONDWET BYLAAG 2 – NUWE PUNT 17**

**AJV NOTULE YSTERBERG VEE STUDIEGROEP 07032024 IS DIE VOLGENDE GOEDGEKEUR:**

**17. WYSIGING VAN GRONDWET**

Enige wysiging aan die grondwet moet geskied in terme van die vereiste soos bepaal in
die Maatskappy wet (Wet 71 van 2008).

GOEDGEKEUR EN GETEKEN TE ______________________OP ___________________2024

____________________________ ___________________________

VOORSITTER SEKRETARESSE

Vertroulik